

HAGGAI

Hulp by die Bybelstudie van die Profesieë van Haggai

© Ds. W. ten Haaf

GEROEP OM TE GETUIG VIR DIE HEERSER VAN HEMEL EN AARDE TEENOOR DIE HEERSERS IN GOD SE VOLKIE.

Lees Esra 3:1-13

Haggai 1:1

Daar is in die hart van baie van ons 'n geweldige pessimisme en moedeloosheid oor die omstandighede in ons land, volke en nie in die laaste plek, hoop ek ten minste, oor die toestand van die Kerk van Christus in ons land.

Ons weet almal dat daar in baie opsigte genoeg rede vir dergelike gevoelens is. Tenminste as ons met ons menslike oë kyk. Uit die Woord van God is dit duidelik genoeg dat ons die regte perspektief alleen kan kry wanneer ons deur gelóófsoë na alles kyk. Wanneer ons dan ons omstandighede vergelyk met iets van dit wat die volk van onse HERE deur die eeue beleef het, dan ontvang ons ook weer meer perspektief.

In die teksgedeelte sien ons dat gemengde blydschap gelowige dankbaarheid laat wegkwyn en verlamend op geloofswerk inwerk.

Vir 70 jaar lank het Jerusalem, die stad van God waaroor so baie Psalms gejubil het, in puin gelê. Die jakkalse en wilde diere het hulle daar tuis gemaak.

Vir 70 jaar lank het die Jode as volk van God in bitter ballingskap in Babel trane van heimwee en hartseer gestort. Eers na so baie lang jare het God se toorn so verminder dat die volk terug kon gaan na die Beloofde Land. Ons lees oor die terugkoms in die boek Esra. Koning Kores het bevel gegee dat die Jode terug mag gaan na Jerusalem en Juda en dat die inwoners van Babilonië die Jode moet gee: “die nodige silwer, goud, gebruiksgoed en vee tesame met n vrywillige gawe vir die tempel van God in Jerusalem”. Maar glad nie al die Jode in Babilonië was lus om die geleentheid te gebruik nie. Baie het hulle daar in die vreemde al só tuis gemaak dat hulle glad geen begeerte gehad het om in die toegegroeide puinhoop van Jerusalem te gaan sukkel nie. Slegs 'n bietjie meer as 42 000 mense het van God die voorneme ontvang om die lang moeisame reis van 1 450 km aan te pak. Hulle het van koning Kores ook al die tempelgereedskap en goed teruggekry wat deur Nebukadnesar gevat en in die tempel van sy afgod bewaar was (vgl. Dan.1:2).

Die leiers van die groep was Serrubbabel en Josua. Serubbabel was 'n afstammeling van koning Dawid en as goewerneur aangestel. Josua was die hoëpriester. So is dit duidelik dat God dwarsdeur die ellende van die ballingskap tog die ou amptelike lyn vasgehou het: Dawid en Aåron word nog altyd verteenwoordig - daardie band moet bly bestaan tot die groot Seun van Dawid gebore kon word en die nakomeling van Aåron in Johannes die Doper die pad vir die Messias kan baan.

Die begeesterde ballinge het onmiddellik in Jerusalem aan die werk gespring. Watter werk! Wat het tog van die skoonste van alle stede oorgebly? Die trotse mure was n chaotiese hoop puin, die poorte verkoolde hout, die tempel n klomp swartgeblakerde klippe, rommel en as: die strate onbegaanbaar en toegegroeï met onkruid en struïke. Tog is gewillig met die groot werk begin en het elkeen na vermoë gewerk en gegee: geld, goed en arbeid. Daar is selfs kos, drank en olie vir die Sidoniërs en Tiriërs betaal om sederhout van die Libanonberge te bring.

Op die eerste dag van die sewende maand van die jaar 536 voor Christus het die Jode genoeg puin en bossies verwyder sodat die brandofferaltaar opgerig kon word en die daaglikse offers vir die HERE gegee kon word. Die eerste simbool van die erediens vir God. Esra meld spesifiek dat die brandoffers gebring is "soos voorgeskryf in die wet van Moses"(3:2) en dat die feeste ook daarvolgens gevier is. Die Woord van God het hulle ná al die jare weer geleer hoe om die HERE ook in die erediens te dien. Vir ons geld dieselfde. Ons mag netsomin soos die Jode die erediens inkleë volgens ons eie smaak en grille, die Woord leer ons hoe ons moet optree.

In die tweede maand van die volgende jaar is die fundamente van die tempel gelê. 'n Geweldige blye gebeurtenis met die blye vreugdevolle dankpsalms. Die priesters het in hulle besondere ampsdrag daar gestaan en die trompette geblaas, die Leviete het die simbole geskud en al die gelowiges het bly gejubel. Daar sou nou weer 'n tempel wees wat in die algemeen so groot soos die tempel van Salomo sou wees. Die huis waarin die HERE sigbaar by sy volk sou woon. Maar laat ons sien hoe dit op daardie dag toegegaan het:

Tussen die grou-grys en swartgeblakerde puin van die verwoeste stad waartussen die lentebloem en uitbottende struïke 'n kleureweelde vertoon, is 'n groot menigte van ruim veertigduisend mense saamgetrek. Voor hulle is 'n groot oopgekapte en skoongemaakte stuk grond van so 'n 50 by 150m en in die middel daarvan lê die fondamentstene van die tempel 30m lank en 10m breed.

Die versamelde menigte mense is ook nogal kleurvol, al is aan die klere te sien dat dit moeilike tye is waarin geld baie skaars is. 'n Groot groep van die mans is almal in wit klere geklee, dit is die priesters waarvan 4289 uit die ballingskap teruggekeer het. Hierdie tiende deel van die hele volk plaas plotseling hulle trompette voor die mond en

blaas uit alle mag daarop. Ondertussen het die Leviete, waarvan 74 teruggekom het, hulle deel bygedra deur die twee ronde komme van metaal teen mekaar te slaan.

Die volk sing, afgewissel met groot gejuig wat van veraf hoorbaar is. Só bly en dankbaar is die hele volk teenoor die HERE. Dit is 'n sigbare bewys van die genade en goedheid van die HERE dat die tempel weer herstel kan word. Nou word die volk weer herstel as volk van God, het die HERE teruggekeer na sy volk.

Maar die feestelike atmosfeer is onverwags gedemp deur die hartverskeurende gehuil en geklaag van die ou mans wat die ou tempel in al sy prag en skoonheid nog geken het. Hulle trane was geen uiting van berou oor al die sonde en afgodery wat die vernietiging van die tempel van Salomo veroorsaak het nie. Hulle het slegs getreur oor die verlies van uiterlike prag en praal. In die uiters moeilike ekonomiese omstandighede was daar geen hoop dat die tempel weer so pragtig herbou sou word nie, ondanks die milde staatssubsidie. Hulle het skoon daarvan vergeet dat die aanwesigheid van God en al sy genade en seën net so goed in die nuwe as in die ou tempel beleef kon word. Die HERE is tog onmeetbaar groter as sy huis. Om nou so 'n openlike vertoning van rou te lewer was nie reg nie en bepaald nie goed vir die moreel van die volk as geheel nie. Later het hierdie houding meegehelp dat die uiterlike moeilikhede wat gekom het groter geag is as die eer van die HERE.

Op die oomblik is daar egter nog niks van te sien nie. Die gejuig van die volk oorstem die gehuil en die kermende klaagsange.

Wanneer ons vandag dit lees, kom die vraag of in óns lewe en veral in die kerklike lewe ons houding reg en tot eer van God is? Word daar nie te veel gekyk na die verlede en word die outyd ook nie te veel beter en mooier voorgestel as wat dit in werklikheid was nie? Aan kritiek wat afbreek en verlam is daar dikwels geen gebrek nie. Solank dit sou gaan oor die geestelike lewe en die eerlike bedoeling sou wees om God daardeur te eer en die naaste te seën, kon dit miskien nog verdra word. Die probleem is egter dat dit gewoonlik oor die uiterlike dinge gaan. Dan is dit geen verskil van mening of van smaak nie, maar dan is dit eenvoudig sonde.

Vyftien jaar na die fondasielegging van die nuwe tempel het die HERE Haggai geroep om as profeet op te tree. 'n Half jaar later het die HERE nog 'n profeet geroep nl. Sagaria.

Al was daardie vyftien jaar wat verbygegaan het veelbewoë genoeg, het dit geen opbloei van die geestelike lewe van die volk van God veroorsaak nie. Die volk was dankbaar om weer terug te wees in hulle aardse vaderland en het geleef asof daar vir altyd op hierdie aarde gebly sal word. Ondanks ekonomiese probleme en baie onmin en selfs vyandskap tussen die oud-bannelinge en die inwoners van die land, het hulle daar goed

gewoon.

Dit kon nie van die woonplek van die HERE gesê word nie. Nadat die fondasie van die tempel feestelik gelê was, het die volk na hulle blyplekke teruggegaan. Mens kon tog nie van huise praat nie want dit sou te veel eer vir die eenvoudige blyplekke wees. Daarom is al die geld en krag ingespan om goeie en mooi huisvesting te kry. Ondertussen is die nodige offers op die tempelgrond gebring. God is darem nie vergeet nie! Maar die onkruid en struikgewasse het die fondasiestene gou-gou begin toegroei.

Natuurlik was daar baie redes vir hierdie vertraagde aksie! Selfs nogal goeie redes wat as versagende omstandighede beskou kan word. Die profete van ouds het dan geprofeteer dat na die ballingskap 'n heerlike toekoms vir die volk sou aanbreek. Van hierdie Messiaanse toekoms was daar egter nog bittermin te sien. Die toekomsverwachting het geen bruisende aktiwiteit in die hede opgelewer nie - is dit in ons tyd baie beter??

Die HERE het vir Haggai opdrag gegee om allereers met die leiers te praat. Hulle het tog as die verantwoordelikes toegelaat dat daar geen daadwerklike pogings aangewend is om die herbou klaar te maak nie. Serubbabel was deur die Perse aangestel as burgerlike en militêre goewerneur oor Juda. Hy was n afstammeling van Dawid! Josua was die hoëpriester! So sien ons dat God dwarsdeur die ballingskap die amptelike lyn van Dawid en Aäron vasgehou het. Die twee leiers word aangespreek oor die verkeerde pas wat in "kerk en politiek" gevolg is.

Dit is opvallend dat die profeet nie sy eie idees verkondig nie. Natuurlik het hy die volste reg gehad om in persoonlike gesprekke en in die openbaar te getuig teen sondes wat hy gesien het. Dieselfde geld ons vandag. Wanneer enige gelowige op grond van die Woord teen sonde wil getuig, dan het hy die reg en die plig om dit te doen - solank daarin ook die Skriftuurlike pad gevolg word. Haggai praat egter as die spesiale afgesant van dié God wat baie groter as hyself of die leiers van Juda is. Die troue Verbondsgod wat die Almagtige is. Hy is nie alleen die God van Israel, wat nou tot 'n baie klein en swak volkie verneder is, maar is ook die HERE van die leërskaare, Heerser van letterlik alles wat bestaan.

Dit is opvallend dat in die betrokke tyd die profete so baie nadruk op die almag van God geplaas het - Haggai noem die Here 13 keer 'Here van die leërskaare' en Sagaria amper 40 keer! Juis in dáárdie tyd van onderwerping aan heidense oorheersers was dit nodig en troosvol om die regte perspektief te behou. Die Almagtige regeer en Hy het die terugkeer gegee en Hy sal ook die toekoms gee. Dink ons in ons bepaalde omstandighede ooit genoeg aan die almag van die HERE Here wat ons land, volke en eie lewe betref?

SONDER GOD SE SEËN IS ALLE WERK TEVERGEEFS Haggai 1 : 2 - 6

Dit lyk asof daar vandag in elkeen van ons se beursies 'n gat is. Sodra ons daar geld in gesit het en in 'n winkel was, is daardie geld weg. Alles is skrikwekkend duur en dit lyk nie asof daar 'n einde aan kom nie. Maar die opvallende is dat dit nie iets nuuts is nie. Salomo het in sy Godgegewe wysheid reeds eeue gelede gesê dat daar wat die belangrike dinge van die lewe betref niks nuuts onder die son is nie. Uit ons teksverse is dit ook al weer duidelik. Die profeet sê in vs. 6 o.a., julle is soos 'n dagloner wat sy loon in 'n stukkende beursie steek. Hoekom was dit toe so? Ons het by vs. 1 al gesien dat die HERE sy volk uit die tronklewe van Babel verlos het. Onmiddellik na die terugkeer is die altaar weer in gebruik geneem en met groot feestelikheid is die fondasie van die tempel gelê. Maar daar het dit by gebly. Die onkruid het die fondasiestene gou-gou weer toegegroeï - vir 15 jaar lank is niks weer aan die Huis van die HERE gedoen nie. Die bevel van die HERE is eenvoudig aan die kant geskuif.

Die volk het die HERE as die Almagtige geken. Hoe is dit dan moontlik dat Sy bevel oor die tempelbou nie gehoorsaam is nie? Die toekoms van Israel en al die deur God beloofde seëninge kan en sal tog alleen deur hierdie HERE van die leërske gegee word.

Die sonde van die leiers en die volk leer ons weer ons roeping van voorbidding vir almal wat hoë posisies beklee. Hulle wat van God die opdrag ontvang het om die land of die Kerk te regeer, moet deur ons in ons gebede gedra word en aangespoor word om dit na die beste van hulle vermoë tot eer van God en tot seënryke heil van die naaste te doen. Natuurlik was daar genoeg verskonings uitgedink om die ongehoorsaamheid mee goed te praat. Die HERE ken al daardie verskonings, net soos Hy ons s'n ken. Die sonde van die volk was weer daardie oer-oue sonde van ondankbaarheid. Daar kan maar net gedink word aan die woestynreis nadat die HERE sy volk uit die tronklewe in Egipte bevry het. Selfs Moses wat met 'n jobsgeduld begenadig was kon dit verskillende kere nie uithou nie - die volk was grenseloos ondankbaar. Daarom was geen verskoning vir die HERE aanvaarbaar nie.

Dit is duidelik te sien in die manier waarop die profeet die leiers moet toespreek. Letterlik staan daar: "hierdie volk sê: die tyd het nog nie gekom nie, die tyd dat die huis van die HERE herbou moet word nie.." Hierdie verskoning is gedurig herhaal. Uit die woordgebruik kom ons die tipiese gejaagdheid en die deurmekaar redenasie agter - iets wat gewoonlik ook met ons eie swak ekskusies gepaard gaan.

In ons eie oë en veral natuurlik in die oë van die volk was die verskonings met hulle politieke, ekonomiese en selfs godsdienstige redes, baie goed. Maar God ken die hart en weet dat hierdie uiterlike omstandighede slegs 'n dekmantel is om éers sêlf van die goeie van die lewe te geniet en God 'n tweede plek te laat speel.

Die HERE het nou deur sy profeet met die volk gepraat en hulle gevra of dit in hierdie werklik moeilike tye dan wel reg is om allerlei groot ideale te koester oor eie luukse huise, terwyl die huis van die HERE verontagsaam word? Dit is wat so mooi is in die Bybel, niks word mooier gemaak as wat dit in die werklikheid is nie. Die tye is ontsettend moeilik en die profeet ontken dit nie maar gee die regte perspektief. Die volk en sy leiers is oortuig daarvan dat dit die verkeerde tyd is om die tempel te bou. Die HERE laat egter hoor dát dit 'n slegte en moeilike tyd is - te sleg om 'n eie mooi luukse huis te beplan en te bou.

Ons moet natuurlik die teksverband hier ook weer goed vashou. Die HERE ons God verbied ons vandag nie om in mooi geboude en ingerigte huise te woon nie, solank ons die regte perspektief behou. Wat die swaarste is, moet die swaarste weeg. Wanneer ons selfsugtig alles wat ons uit die hand van die HERE ontvang, net vir onself gebruik en die diens van die HERE skade laat ly, dan is dit sonde. So 'n lewenshouding is eintlik diefstal en die toppunt van ondankbaarheid. Dit is hierdie houding wat die HERE in die tyd van Haggai nie ongestraf laat bly het nie. Sou dit te veel wees om te betoog dat dieselfde ook met ons in ons tyd gebeur?

Ons is so baie ryker wat die geloofskennis betref as die gelowige van die ou bedeling. Tog is daar ook onder ons dikwels so 'n gebrek aan warmte, ywer en inspanning vir die diens van die HERE. Ons sonde is nog erger wanneer ons daaraan dink dat dit nou oor die geestelike tempel van God gaan. God beveel ons nie om hout, klippe en sement bymekaar te maak nie. Ons moet 'n hemelse tempel bou, 'n tempel waarin die Drie-enige God met hart en siel gedien word.

So sien ons dat die profeet nie net met die mense van sy eie tyd gepraat het nie, maar ook dat deur die besluit van God bepaal is dat ons dit vandag ook moet hoor. So word ons ondankbaarheid en onverskillige koudheid bestraf.

Ons het 'n heerlike roeping ontvang om bouers van die geestelike tempel te mag wees. Daarom is die gebed op sy plek dat ons God vra om ons deur die werk van sy Heilige Gees die lus en krag te gee om die gawes en bekwaamhede wat Hy elkeen van ons gegee het so te gebruik dat sy heilige Naam daardeur verheerlik mag word. Laat elkeen van ons ons dan as 'n geestelike offer aan ons getroue God opoffer.

Maar die profeet kom ook na ons met 'n oproep om gelowig na die werklikheid te kyk. Die liefde van die HERE is en bly 'n onbegryplike groot wonder. Hy sien hoe ons gedurig sondig en Hom nie die verskuldigde eer en eerbied gee nie. Tog roep Hy ons keer op keer weer op tot bekering en gee Hy ons perspektief op die lewe met of sonder Hom. Hy sorg soos 'n liefdevolle Vader vir sy Kerk. Daarom spoor Hy ons aan om Hom te gehoorsaam. Die woorde wat die Heilige Gees deur Haggai laat op skryf het is dan ook vir ons nog altyd aktueel. Voor ons met allerlei "oplossings" oor óns probleme kom moet ons eers kyk wat die moontlike diepste oorsake kan wees. Ons bely tog dat ons

lewens in die hand van die HERE is. Dat daar werklik niks met ons gebeur sonder die wil van ons hemelse Vader nie (vgl. H.K. Sondag 10)!

Die HERE sê nou deur sy profeet dieselfde vir sy volk. Hulle moet hulle rekenskap gee van die dinge wat die laaste jare met hulle gebeur het. Met die geloofsoog moet gekyk word na die werklikhede en harde feite van die lewe. Maar dit is nie al nie. Tegelyk moet verder gekyk word. Vàn die aardse werklikhede moet op gekyk word na Hom wat die werklikhede maak! Die werk van God in die daaglikse lewe moet die volle aandag kry.

Wanneer na die werklikheid van daardie dae gekyk word, was daar bittermin om entoesiasies oor te kan raak. Die HERE Self laat nou hoor hoe sleg dit met die volk gaan op die pad wat hulle gekies het om ná die terugkeer te volg - in die oorspronklike Hebreëus staan dat die volk ag moet slaan op hulle paaie. 'n Pad gaan in 'n bepaalde rigting en wanneer daardie koers ingeslaan word beland die mens in 'n bepaalde situasie. Die HERE wys nou met veelseggende beskrywende beelde hoe sleg die situasie is waarin die volk nou verkeer.

Met groot moeite is die lande wat so baie jare lank verwaarloos is weer ontbos en voorberei om die saaikoring te kan ontvang. Die saad was duur, die voorbereiding was moeisam en kosbaar, die werk is tog volgehou. Maar die resultaat? Daar is elke seisoen baie gesaai maar keer op keer min geoes. Tog het dit nog gelyk asof dit wat ingesamel is, genoeg is om van te lewe. Groot moes die teleurstelling wees dat die kwantiteit voedsel en wyn so swak van kwaliteit was dat die voedsel geen voedingskrag en die wyn geen "skopkrag" besit het nie. Op die werk en die resultaat daarvan het geen seën gerus nie. Dieselfde het selfs die mense se klere geraak. Moontlik kon geen goeie klere gemaak word nie omdat die skape se wol van so 'n swak gehalte was en kon weens die swak inkomste nie genoeg klere gekoop word nie, boonop kon weens die swak kwaliteit van die voedsel die klere die koue nie uit die liggaam verban nie.

Behalwe al hierdie groot probleme was geld ook niks werd nie. Pragtig beskrywend hoor ons dat alles so onmoontlik duur is dat dit met die volk gaan soos met 'n dagloner wat sy geld in 'n stukkende beursie steek. Interessant is dat dit die eerste keer is dat in die Bybel van beursie melding gemaak word. Hierdie beurse is van leer gemaak en daarin is die growwe silwerstukke bewaar wat as betaalmiddel gebruik is. Die skerp kante van die silwerbrokstukkies het natuurlik maklik gate in die beursies gesteeke waardeur die inhoud verlore geraak het.

In opdrag van die HERE wys die profeet sy volk daarop dat in al hierdie ellende niks anders nie as die straffende Hand van die HERE gesien moet word. Daar rus 'n Goddelike vloek op die land en sy bewoners. Die oorsaak daarvan lê by niemand anders as by die volk self nie.

Dit alles plaas ons vandag voor 'n probleem. Wanneer ons met 'n oop gemoed om ons

heen kyk dan sien ons dat die omstandighede vandag in baie opsigte skrikwekkend baie ooreenstem met dié wat in Haggai se tyd bestaan het. Beteken dit nou dat ons ook sug en steun onder die vloek van God oor ons en ons land en sy volke? Wanneer ons so sou redeneer dan los ons die probleem op die maklikste manier op máár dit is nie die regte manier nie. Ons mag nie 'n is-gelyk-aan-teken plaas tussen Bybelse gebeure en dit wat later of in ons tyd gebeur nie.

Alles wat ons in die Bybelse geskiedenis lees moet ons altyd in die bepaalde verband bekijk en dan ook die verband met die koms van Jesus Christus probeer naspur.

Beteken dit dan dat ons niks uit die Woord leer oor ons omstandighede nie? O nee, ons leer juis uit die Woord en daarom ook uit ons belydenisgeskrifte dat alle swaarkry uit God se Hand oor ons kom om ons te beproef. Ons word daardeur opgeroep om onself te ondersoek, om na te gaan of daar rede sou wees dat die oordeel van God op ons kan rus. Alleen wanneer daar 'n baie duidelike verband is tussen 'n bepaalde sonde en die gevolge sou ons dit kan probeer waag om van 'n Goddelike straf -op -die -sondige -lewe te praat. Hier is en bly die allergrootste versigtigheid en beskeidenheid die wagwoord. Wie is ek om te beweer wat die oorsaak van iemand se Vigs of enige geslagssiekte is? Kan ek beweer dat iemand se lewerkanker 'n duidelike verband tussen die sonde van kroniese oormatige drankmisbruik en God se straf aantoon? Natuurlik nie behalwe as ek volkome seker weet dat dit die geval was maar dan het ek nog nie die reg om in God se regterstoel te gaan sit nie. Ek het meer as genoeg werk om na myself te staan en kyk voor die spieël van die Woord. Ons moet dus altyd uiters versigtig wees om te beweer: dit of dat is die straf van die HERE - leer Paulus ons nie dat ons nie moet veroordeel sodat ons nie self onder die oordeel kom nie? Wanneer ons enige rampe gelowig wil bespreek moet ons die werk van die HERE daarin sien maar gewoonlik mag ons dan nie verder gaan nie as om te sê dat die troue Verbondsgod se doel is om ons te beproef.

WERK IN DIE KERK Haggai 1:7-12

Die geduld van die HERE ons God is werklik Goddelike geduld. Hy word nie moeg om die gelowiges op te roep tot bekering en berou nie. Weer sê Hy deur Haggai dat die volk ter harte moet neem wat met hulle gebeur het. Maar hierdie keer noem die HERE Homself die Almagtige. Al lyk dit asof die swaarkry en onnoemlike ellende te veel is om te kan verdra, die Almagtige is onmeetbaar groter en magtiger as dit alles. Niks gebeur sonder sy wil nie. Hy het die vermoë om alles in 'n oomblik volkome te verander.

Die volk moet goed oplet dat hulle op die verkeerde pad is en baie goed kyk na die omstandighede waarna daardie pad lei en sal lei. Maar die HERE is nooit tevrede om alleen op die negatiewe te wys nie. Hy vermaan die volk om op die regte pad te gaan én verbind onmiddelik sy heerlike beloftes daaraan.

Op drie maniere word die volk opgeroep om aan die werk te spring. Hulle moet die

berge wat rondom Jerusalem is ingaan en daar moet hout gekap word om met die herbou van die tempel te kan begin. Waarskynlik was daar in die bouvalle van die ou tempel nog genoeg stene vir die herbou en was hierdie hout nodig om steiers te bou en om dit te gebruik vir die verwydering van puin.

Ons leer hieruit wat die doel van die HERE is met die straf oor die sonde van daardie mense maar ook met baie beproewings wat Hy oor ons beskik. Dit is nie alleen om ons te laat insien dat ons gesondig het nie maar ook sodat ons hard sal werk om die verhouding met God weer reg te maak. Dit is vir ons alleen moontlik deur berouvol te pleit op die werk wat Jesus Christus vir ons in volmaaktheid gedoen het. In Sy krag spring ons dan aan die werk om tot eer van God ons roeping uit te leef. Dit moes die volk ook doen, met nougesetheid en vol ywer moes die tempel herbou aangepak word.

Waarom was die HERE so gesteld daarop dat die tempel weer herbou moes word? Die doel van die HERE was dat die sigbare tempel die hoop by die volk lewend sou hou, die hoop op die koms van die Christus. Verder moes hulle onthou dat God ook in die uiterlike dinge op 'n geestelike manier gedien moet word. Daar moet tog ook sigbare ywer en liefdevolle sorg in die godsdiensoefening wees. Die offers is elke dag gereëld op die tempelberg gebring, tog was dit nie vir die HERE aanvaarbaar nie. Dit was slegs 'n dooie formaliteit sonder dat die hart en siel daarby in brand gestaan het. Dit was duidelik te sien in die verontagsaming van die Goddelike bevel om die tempel te herbou. Om die trae volk tot gehoorsaamheid aan te spoor gee die genadige Verbondsgod weer 'n belofte. Die tempelbou sal die volk weer aanvaarbaar vir God maak. Dan sal Hy sy heerlikheid weer openbaar, dit laat sien. Hy sal die vyande laat sien-en-voel dat Hy aan die kant van sy volk is en in die herstel van land en volk duidelik wys dat Hy die Almagtige is.

In daardie tyd kon daar tog alleen versoening van sondeskuld in die tempel ontvang word - vgl. 1 Kon. 8:31. in die tempel met die ark en sy versoendeksel het die HERE die berouvolle gelowige in genade ontvang. Daar is God met al sy reddende krag aanwesig. Wanneer die tempel herbou sou wees sou die HERE die aan Hom verskuldigde eer ontvang en tevrede wees. Hy sal Homself verheerlik deur te wys dat Hy die verbondsbeloftes aan sy gehoorsame gelowige sal vervul, net soos Hy die verbondsdreigemente in vervulling laat gaan het (vgl. Lev. 26:14e, Deut. 28:15e.v.).

GOD SE OORDEEL IS DIE OORSAAK VAN DIE RAMPE Haggai 1:9 - 11

Die profeet moet in opdrag van die HERE weer die volk wys op die oorsaak van al die rampspoed wat die volk beleef het. Hy het in vs. 5-6 gewys op die benarde ekonomiese omstandighede- dit is die pad waarop hulle hulle bevind. In vs. 7-8 word gewys op die régte pad wat gevolg moet word en waarop 'n baie goeie toekoms beleef sal word omdat

dan in gehoorsaamheid aan God die tempel herbou sal word. In vs. 9-11 word weer daarop gewys dat die probleme die gevolg is van die verwaarlosing van die roeping om die tempel te herbou - die volk ondervind al die slegte dinge omdat hulle verkies het om die slegte pad te volg.

Omdat die mense 'n groot oes en dus voorspoed verwag het, was die teleurstelling baie groot. Wanneer iemand met baie min tevrede is kan hy met min klaarkom. Maar hulle wat vol begeerte is, word deur hulle armoede baie erger getref. So was dit nou met die volk. Hulle wou nà al die armoedige omstandighede as ballinge in 'n vyandige land nou allereers vir hullesêlf sorg. Daar is gedroom van mooi en groot huise toe die koring so mooi opgekom het en die druiwe oes so belowend gelyk het. Groot was die ontnugtering dat alles op 'n misoes uitgeloop het.

Die ontnugtering was seker nog groter toe die oes wat ingesamel was en so mooi in die skure en huise gestoor is, selfs dáár minder geword het. Hierdie verdwyning is niks anders nie as die werk van God. Hoe dit gebeur het weet ons nie, moontlik deur ongediertes soos muise of deurdat dit sleg geword het soos die manna wat te veel ingesamel is (Eks. 16:20)- in elk geval het die HERE op sy wonderlike manier die seën van die besit in 'n vloek verander. Die rede daarvoor was dat die volk baie hard vir hulleself gewerk het maar die saak van die HERE links laat lê het. Die huis van die HERE lê in puin terwyl elkeen kliphard besig is om al die jarelank aan hulle eie huise te werk of dit so luuks moontlik te beplan. Daar word meer aan hulleself gedink as aan God en so word die HERE op die tweede plek geplaas.

Daarom het die HERE die oordele gestuur waarmee Hy gedreig het. In Lev. 26:19 lees ons dat die HERE gesê het dat Hy in die geval van verbondsbreuk die volk sal straf: "Ek sal alles waarop julle staatmaak, laat verdwyn. Daar sal geen druppel reën val nie: dit sal wees asof die hemel van yster en die grond van brons is. Julle sal julle kragte tevergeefs inspan: daar sal geen oes op julle lande wees nie, en julle bome sal geen vrugte dra nie."

Die profeet sê vir die volk presies dieselfde in vs. 10 en 11 as Woord van die HERE. Die droogte is so erg dat daar selfs geen dou gekom het nie. Palestina is maar arm aan reën maar dan help die dou gewoonlik baie. Selfs dit het nie van die hemel gekom nie. Die HERE het die hemel toegesluit en daardeur droogte gegee wat op sy beurt weer 'n geweldige ekonomiese krisis as gevolg gehad het. Daar het eenvoudig 'n noodtoestand geheers. Mens en dier en die hele natuur ly daaronder. Die mense is net bekommerd oor hulle eie gerief in eie luukse huise maar weens hulle egoïsme ly selfs die hele natuur. Watter vrug op hulle hardnekkige weiering om hulle roepingsplig te doen!

Die groot kerkhervomer Calvin sê by hierdie vers dat die mense in ons tyd met oorloë, hongersnood en epidemies God se Hand in alles moet sien. Godvresende leraars moet met wysheid daarop wys, sodat hulle in ooreenstemming met die omstandighede daar-

aan herinner, dat God deur dit wat hulle ervaar duidelik bewys, wat Hy in sy Woord getuig het. Die hemel en die aarde gee ons dus 'n teken en bewys van God se vaderlike liefde en sorg vir sy kinders. Maar wanneer daar droogte en misoeste is dan moet ons daarin ook sien dat God ons beproef en, wanneer dit nodig is, ons straf.

Laat ons dan by die lig van die Skrif ons eie toestand beoordeel in 'n tyd van misoeste en benouende inflasie op geldelike en geestelike gebied en dan bid dat God ons berou mag gee en die lus en krag om ons heerlike roeping as Sy kinders en rentmeesters uit te leef.

DIE WOORD WEK LÉWE DEUR DIE WERK VAN DIE GEES Haggai 1:12-15

Reaksie op die preke wat deur die profete en later deur Christus en die apostels gehou is, lees ons heelwat kere in die Skrif. Dit gebeur egter maar selde onder die lidmate van die Kerk (van daardie tyd - is dit vandag anders?) dat op so 'n skerp ontdekkende preek 'n positiewe reaksie kom. Die luisteraar het nie tydens die preek rondgekyk en met tevredenheid opgemerk dat die profeet-dominee vir 'hulle' darem lekker die 'waarheid' vertel. Van die hoogste ampsdraers af is die hand in eie boesem gestee. Watter wonder van die werk van die Heilige Gees. Juis deur die gehoorsame voorbeeld van die leiers in 'kerk en politiek' word die volk óók gehoorsaam aan die geopenbaarde wil van God.

Die profeet praat nie maar net oor die volk nie maar nadruklik oor die 'héle oorblyfsel van die volk' of 'álmal wat van die volk oorgebly het'. Dit was daardie mense, noem hulle maar daardie lidmate van die Ou Testamentiese Kerk, wat midde in die chaotiese politieke en geestelike ondergang van Israel-Juda, tóg getrou bly en ondanks alles tóg gelowig bly bou op die onwankelbaarheid van God se Woord. Hulle vorm die ware volk van God, die ware Kerk waarvan ons in ons Nederlandse Geloofsbelydenis in artikels 27 tot 29 so wonderlik belydenis doen. Natuurlik beteken die lidmaatskap van die ware Kerk nooit dat die lidmate sonder sonde is nie. Ons sien dan juis dat die heilige profeet vlymskerp op die sondes van die kerklidmate gewys het. Op dieselfde manier bely ons in art.29 van ons Ned. Geloofsbelydenis oor die lidmate : "nogtans wil dit nie sê dat daar nie nog grote swakheid in hulle is nie, maar hulle stry daarteen deur die Gees ál die dae van hulle lewe - dit doen hulle deur altyd weer hulle toevlug te neem tot die bloed, die dood, die lyde en die gehoorsaamheid van die Here Jesus, in wie hulle die vergewing van hulle sondes het deur die geloof in Hom. "

Uit die nadruklike wys op die deel van die volk wat oorgebly het, is dit duidelik dat dit geen blye geskiedenisfeit is dat vir 'n verandering na 'n profeet geluister is nie. In die stem van die profeet is die stem van die troue Verbondsgod gehoor omdat die luisteraars deel was van die 'oorblyfsel'. Hierdie 'oorblyfsel' kan opgeroep word om gehoorsaam te wees omdat hulle die beloftes besit wat die HERE alleen vir sy Kerk gee. Die profeet lê besondere klem op sy roeping deur God omdat hy weet dat hy die

persoonlike verteenwoordiger van sy Sender is, net soos die profete wat in die verlede opgetree het. Dit bly 'n wonder dat dit God behaag om ons geloofsgehoorsaamheid op die proef te stel wanneer Hy mense die taak gee om Sy Woord te bring. Nou bly dit vir ons as mense 'n vraag waarom ons eerder vir die verkondigde Woord gehoorsaam moet wees as aan allerlei openbaringe. Van die vroegste begin van die christendom was daar altyd mense wat by die geopenbaarde Woord ook nog eie 'openbaringe' wou voeg. Dit is glad nie 'n kénmerk van ons eie tyd nie, ons hóór net meer daarvan weens die geweldige groei van die nuusdekking. Dit gee ons soveel meer die taak om ons roeping as profeet, priester en koning uit te leef. Die wil van God is volledig in die Bybel vir ons gegee en elkeen wat daar wil byvoeg of daarvan wegneem of daaraan verander kom onder die oordeel van Openbaring 22:18 en 19! Ons taak is as gesalfdes deur die Heilige Gees om álles wat gebring word as die Woord van God te toets aan die volledige Woord. Die preek deur die hooggeleerde professor A of deur die beroemde 'geesvervulde evangelis' B of deur die gewone dominee C en die gesprek oor die geloof deur vriend D - alles moet getoets word aan die Woord. Dit is en bly die enigste maatstaf.

Nou hoor ons dikwels by mense wat 'n ander kerklike adres het oor allerlei 'persoonlike openbaringe' wat wissel oor die keuse van 'n huweliksmat tot die besluit oor die aankoop van 'n huis of 'n motor of een of ander onbenulligheid! Inderdaad is dit volgens die Skrif om al ons node en behoeftes in ons gebede aan God op te dra (vgl. Fil.4:6) en om wysheid van Hom af te bid. Wanneer ons dit doen sal die HERE ons deur sy Gees die innerlike rus en duidelikheid gee om 'n bepaalde besluit in gelowige verantwoordelikheid te neem of juis nie te neem nie. Dit is egter verkeerd om te dink dat God nogal 'n spesiale openbaring vir my sal gee om een of ander daaglikse probleempie op te los. Dan word die heiligheid en hoogheid van die Almagtige al te maklik aangetas. Per slot van rekening is by ons as mense die wens baie dikwels die vader van die gedagte. Hoe dikwels gebeur dit nie dat mense oor 'n saak bid en dan sê dat God hulle laat weet het dat dit in orde is om so of so te maak, ondertussen was dit dan tog net mooi soos hulle dit graag wou hê - bewus of onbewus. Wanneer dinge dan volgens die gevoel nie so lekker uitwerk nie, sit hulle met die probleemvraag of God dan 'n fout gemaak het? God is te heilig om misbruik te word op die manier waarop die heidene in die orakelgodsdienste gekyk het watter goddelike boodskappe uit die ingewande van 'n dier kenbaar gemaak sou word. Kortom God openbaar van Homself en Sy wil soveel in sy Woord as wat nodig is vir ons saligheid en Hy bestuur ons lewe volkome volgens sy wil en gee ons die heerlike verantwoordelikheid om ons lewe in te rig volgens sy wil. In 'n tyd waarin die informele en maklike verhouding tussen mense ondermekaar so geprys word, moet ons onthou dat ons God die onvergelykbare Almagtige Skepper en Onderhouer van hemel en aarde is. Wát ook al op diplomatieke gebied in die wêreld

gebeur, die protokol word uiters streng gehandhaaf, ons kan gerus daaraan dink in ons verhouding met God. In vers 12 sien ons dit ook in die Kerk van daardie tyd. Hulle het die HERE hoor praat deur die mond van Haggai. Die kerkvolk was toe met ontsag vervul vir die HERE. Ontslag is hier eintlik 'n te swak uitdrukking, letterlik staan daar dat die volk vervul was met vrées vir die HERE. Dit was dus 'n heilige ontsag, vrees gemeng met liefde wat die dogter van die geloof is en die begin van die ware wysheid. Die volk het besef dat die genadige verlossing uit die ballingskap hulle nie nou 'n vrypas gegee het om net te doen waarvoor hullesélf lus was nie. Die aanvaarding van die Woordverkondiging deur die profeet het hulle laat sien wat hulle sonde was en bekering bewerk. Die kerkvolk het erken dat God se oordele regverdig was en gebééf by die gedagte dat Hy nog meer oordele oor hulle sou laat losbars. Die heiligheid van die HERE het deur hulle in die gedrang gekom en daar het nou bekering gevolg. Uit hierdie reaksie van die kerkvolk sien ons weer die geweldige krag van die Woord. Die heerlijkheid van God het so heerlijk uit sy gepreekte Woord gestraal dat dit 'n hele ommekeer in die gesindheid van 'n hele volk veroorsaak het.

Tot dusver het Haggai homself elke keer as profeet beskryf, hy moes tog die werk doen wat tipies as profetiese werk gesien is, naamlik om vermanend op te tree. Al neem dit nie weg dat ons gedurig by die profete ook die verkondiging van God se ryke beloftes hoor nie. Plotseling noem Haggai homself nou egter die 'bode' of 'boodskapper' van die HERE. Blykbaar omdat hy nou 'n blye boodskap mag bring vir 'n kerkvolk wat deur die Gees tot bekering gebring is. Deur die sondige nalatigheid van die volk het dit gelyk asof God Hom aan die volk onttrek het, asof Hy die gemeenskap verbreek het. Die volk het nou besef dat al die ellende niks anders as 'n Goddelike oordeel was nie en nou bang vir daardie God geword. Juis in hierdie omstandighede het die troue Verbondsgod sy kinders bemoedig met die versekering dat Hy 'by hulle is'. Die HERE is nie hulle Vyand nie maar hulle Bondgenoot.

Hoe goed ken die HERE ons! Hy het ons dan gemaak! Hy weet dat ons tog so maklik moedeloos en moeg raak wanneer ons keer op keer alleen maar opdragte sou moet hoor en gedurige vermanings.

Dit gaan met die opvoeding van ons kinders mos maar net so. Omdat ons hemelse Vader ons so goed ken laat Hy deur sy geroepe boodskapper nou hierdie vreugdevolle vredesboodskap hoor. As God ons alleen sou oproep om ons roepingstaak uit te voer maar ons hoop met twyfel gemeng sou laat bly dan kan daar van ywer nie lank gepraat word nie. Ons kan ons werk vir God nie doen nie as Hy ons nie ondersteun en bekwaam maak nie.

So is dit ook nie genoeg nie as God éénkeer met ons gepraat het nie en óns eenkeer sy Woord aangeneem het nie, maar dat Hy ons élke keer weer moet áánspoor want selfs die grootste geesdrif verflou wanneer dit nie gedurig aangespoor word nie (Calvyn).

Haggai het as profeet en boodskapper van die HERE opgetree en die wonderlike is dat hy deur die hoogste leiers só in sy amp erken is. Die hoogste amp in 'kerk en politiek' was baie hoër as die amp van profeet. Maar omdat Haggai deur die HERE geroep was het die hoëpriester én die goewerneur hulle onderwerp aan die amp van die man wat deur God geroep was. Ons leer hieruit dat daar geen posisie of waardigheid is wat ons onthef van volkome onderwerping wanneer die Woord van God tot ons gerig word nie. Ons leer hieruit ook die geweldige belangrikheid van die ampte wat die HERE in sy Kerk ingestel het. Wanneer die ouderling of diaken by u op huisbesoek kom, kom hulle daar as geroepe boodskappers van die HERE. Dan is dit hoegenaamd nie ter sake of u van hom hou of nie en of hy 'n laer sg. 'status' as u sou beklee nie - al wat tel is dat hy sy Sender verteenwoordig en dáárom die nodige eer en gehoorsaamheid moet ontvang.

Wéér sien ons dat die Woord léwe wek. Uit die Woord van die HERE skep die kerkvolk moed en is daar begeerte om aan die werk te spring. Die Heilige Gees het met en deur die Woord gewerk en die lus en moed gegee om daardie groot werk in geloofskrag en geloofsgehoorsaamheid aan te pak. Die geheim hiervan lê dus nie in die oortuigingsvermoë van die méns Haggai nie, maar in die werk van die Heilige Gees, Hy het gehoorsaamheid gegee en sal volharding gee. Wanneer God ons oorhaal om Hom te dien dan vorm Hy nie een of ander nuwe siel in ons nie, maar verander Hy dit wat verkeerd was. As God ons ore nie oopmaak nie sou ons nooit bereid wees om te luister of Hom te gehoorsaam nie. Daar sou geen sprake wees van 'n wil om ons enigsins in te span en om te volhard nie as God ons nie die wil én die volharding sou gee nie.

Die kerkvolk het nou die tyd en die geleentheid gevind om met die sorgvuldige beplanning te begin. Die begin van die nuwe herbou is vir Haggai so belangrik dat hy die presiese datum vir ons opskryf het, ruim drie weke na die eerste preek was daar 'n duidelik sigbare reaksie.

Só werk die Gees vandag nog in die harte van die volk van Jesus Christus gehoorsaamheid én volharding. Hy verseker ons ook in hierdie angstige en spannende dae dat die HERE ons God by ons sal wees solank óns in troue roepingsvervulling volhard. Wat wil ons meer hê??

DROOG TRANE WANNEER DIE VERHOUDING MET GOD REG IS

Haggai 2:1-4a Esra 3: 10 - 13

Onder ons volk is dit al 'n gewoonte dat by die een of ander feestelike geleentheid 'n feesspreker optree. Op kerklike feesdae is dit dan uiteraard 'n predikant of nog 'beter' 'n teologiese professor. Onder ou Israel was dit op die kerklike feesdae moontlik in 'n mate ook die geval, maar in elk geval nie soos by ons nie, omdat al die aandag toegespits was op die offerremonies soos deur die HERE ingestel. Wat ons wel sien is dat die HERE juis op feesdae sy profete opdrag gee om 'n openbaring van die HERE te verkondig. Op daardie dae was daar uiteraard die meeste mense bereikbaar in en om die tempel.

Op die laaste dag van die Loofhuttefees het die HERE weer 'n opdrag vir Haggai gegee. Op die tempelplein kon hy die volk en die leiers saam toespreek. Dit was nou amper 4 weke nadat die herbou van die tempel weer aangepak was. Die afgelope week was daar seker nie gebou nie omdat die hele week die Loofhuttefees gevier is. Hierdie fees aan die einde van die oestyd was gewoonlik 'n baie vrolike feestyd. Hierdie jaar was die stemming gelukkig nie so gedemp soos die vorige jare nie, al was die oes netso swak soos die voriges, het leiers en volk geweet wat die oorsaak was en nou die heerlike belofte van die HERE ontvang, dat Hy by hulle sou wees.

Tog was daar nou weer 'n ander rede vir gedempte feesvreugde. Vyftien jaar gelede was daar tydens die feestelike fondasielegging van die ou manne wat kliphard gehuil het op die tipiese Oosterse manier van roubeklag, oor die armoedigheid van die beplande herbou. Hulle het die ou Salomo-tempel nog in al sy skitterprag geken en het besef dat daardie prag en praal nie weer moontlik sou wees nie. Maar op daardie feesdag is hulle geweeklaag oorstem deur die feestelike gejuig en sang deur die skare. As die ou manne eerlik sou gewees het, dan was hulle getreur nie heeltemal getrou aan die waarheid nie. In hulle tyd was die prag en rykdom van die tempel al baie, baie minder as in die tyd van koning Salomo. Verskillende kere moes van die tempelskatte vir vyande gegee word en hoeveel skade was al deur die vroeëre vyande aangerig! Ons sien in die optrede van die ou mense ook iets van die tipiese houding van baie ou mense dat die sg. 'goeie ou dae' veridialiseer word en die werklikheid 'n onwerklike kleur kry. Die ergste in die optrede van hierdie bejaardes by die hoeksteenlegging was egter dat hulle oor uiterlike dinge gehuil het en blind was vir die feite agter die ellende. Die vernietiging van die tempel was die oordeel van God oor hulle sondes. Dit was nie maar net 'n 'ongelukkige sameloop van politieke omstandighede' nie - dit was 'n Godsoordeel. Hierdie getreur van vyftien jaar gelede was dus sondige trane wat verniet gestort is.

Nou word daar weer deur die ou manne gehuil en getreur en word die feesvreugde hierdie keer wel gedemp. Gelukkig was die rede vir hierdie trane nou wel

Godewelgevallig. Ja, daar is weer gehuil oor die verskil in prag van die tempel wat herbou word en die Salomo-tempel, maar die gesindheid van die hart was nou anders. Die afgelope weke is nie alleen gewerk om die tempel te herbou nie, daar is ook gewerk aan die geloofskennis, die Woord van God is weer aandagtig gelees en verklaar. Tydens die week van viering van die Loofhuttefees is daar behalwe die bring van die offers seker ook deur die priesters weer uit die Wet en die Profete gelees en onderrig en gepreek. In hierdie dae van hernude ywer vir die herbou van die tempel is daar seker met ywer gesoek na die woorde wat die profete in die Naam van die HERE geprofeteer het oor die toekoms van die tempel. In Jesaja 33:20 en 21 is verkondig: 'kyk na Sion, die stad waar ons ons feeste vier: jou eie oë sal Jerusalem sien, 'n veilige woonplek waar jou tent nie versit hoef te word nie, sy tentpenne nooit uitgetrek hoef te word nie, sy toue nooit meer breek nie. Daar sal die HERE vir ons die magtige God wees, daar waar die strome, die riviere, breed sal vloei sonder dat die vyand se roeibote daarop vaar, die oorlogskepe daar verbykom.' En Esegïël skilder 'n pragtige prent van die tempel en som selfs sy afmetings op. Die Kerkvolk het nou dus weer geweet wat die HERE beloof het oor sy huis. Nou was dit menslik en logies dat die ou manne hulle herinnerings plus die profetiese beloftes vergelyk het met die werklikheid en die beplande herbou.

Die Skriftuurlike geloof is ook altyd 'n nugtere geloof. Geloof is nie 'n saggekleurde bril wat die harde werklikheid omtoor in 'n sprokiesparadys met lieflike sagte kleure nie. Die geloof is nie 'n dwelmmiddel wat ons in 'n roes laat kom sodat ons die ellende van die lewe op hierdie aarde - wat onder God se vloek lê! - nie sou voel nie. Juis deur die verligting van die Heilige Gees sien die gelowige alles in die regte perspektief en treur hy oor alles van die skepping wat sug en steun weens die sondeval. Die ou mans het nou besef dat die tempel soos dit beplan was maar 'n pondokkie sou wees in vergelyking met die ou tempel. Dit was die waarheid en dit moet ook in die Kerk gesê kan word. Die verdriet was dus 'n verdriet oor die tekort aan eer wat aan God toekom en verdriet oor die profesieë wat blykbaar (nog) nie in vervulling gaan nie.

Maar die tragiese is dat Satan ons altyd juis aanval wanneer ons op ons swakste is. Veral wanneer ons geestelik op 'n laagtepunt is en dan ook deur verdriet verward is.

Dit gebeur vandag met ons wat die vervulling van die groot belofte van die koms van die Messias mag ken, hoeveel makliker kon Satan dan vatplek kry op die verdriet van die Kerkvolk in die tyd van Haggai! Die leiers en volk het skaars met die geweldig moeilike werk onder uiters moeilike toestande begin of Satan het met sy oeroue lis gekom om twyfel te saai en dit deur verdraaiing van die Woord van God. Die mensemoordenaar van die begin het die vraag laat opkom of die werk wat aangepak is ooit die seën van God kan dra? Die sigbare feite wys dan heeltemal op die teenoorgestelde! Hulle wil 'n tempel vir God bou maar dié ou pondokkie kan mos nie 'n tempel genoem word nie. Dit is mos glad nie soos wat die heilige profete vol blydschap beskryf het nie. Die profete het

dan met blye bewoënheid gesê dat die herboude tempel baie mooier sal wees as die ou tempel. Maar nou word 'n pondokkie gebou en dit is dan mos duidelik genoeg in die lig van die Woord 'n mors van energie en geld! Die Satan het die mense probeer wysmaak dat hierdie werk nou nie onder leiding van God gedoen word nie en dus baie liever gestaak moet word. Want ons werk word nie deur God goedgekeur as dit nie op sy Woord gegrond is nie. Mens kan sommer met die blote oog sien dat die beplande tempel hemelsbreed verskil van die wat God beloof het.

Uit hierdie aanval van Satan is dit duidelik dat Haggai nie sonder rede geroep is om die Kerkvolk uit sy verdoving wakker te skud nie. Onself sien hieruit ook hoe noodsaaklik dit is dat ons ook gedurig opgewek moet word, want Satan vind maklik genoeg duisende hindernisse om ons van die regte koers te laat afwyk as God ons nie keer op keer laat aanspoor om in die Skriftuurlike geloof te volhard nie. In slegs 'n paar weke se tyd het die entoesiasme al weer tot niet gegaan en sou die werk gestaak word as Haggai nie weer gestuur was om almal in die Naam van die HERE aan te spoor nie.

Hierdie keer was dit nie die roeping van die profeet om te vermaan nie, maar om te bemoedig. Want die rede vir die dreigende staking was nou nie die gruwelike ondankbaarheid van die verlede nie, maar dit is nou veroorsaak deur 'n opregte gevoel van liefde vir die HERE en die wens om sy heilige Naam groot te maak. Ons sien hier ook weer hoe slinks en uitgeslape Satan nog altyd is. Hy probeer ons nie alleen openlik van die diens aan God af te rokkel nie, maar ook en veral op 'n skelm slinkse wyse. Die Satan het 'n leerskool van duisende en duisende jare agter die rug - niemand weet hoeveel jare voor die skepping Satan al afvallig geword het nie - en daar was nog nooit 'n mag wat met so onmenslik baie ywer en leergierigheid uit sy verleidingsmislukkings probeer leer het nie. Ons moet altyd op ons hoede wees vir Satan se skynbaar ware argumente en altyd vir die wysheid en krag van die Heilige Gees bid. Hoe groot ons begeerte ook al is om gelowig met God deur die lewe te gaan, ons moet altyd wakker loop om nie deur Satan se verleidelike praatjies verlei te word nie. Dwarsdeur die eeue sien ons dat mense hulle van die Kerk afskei omdat hulle van die Kerk die grootste volmaaktheid eis. Hulle gaan tekere teen gebreke wat eenvoudig deur ons verdra moet word omdat hulle in hierdie bedeling nie verbeter kan word. Onder die voorwendsel van ywer breek en verskeur en vervloek hulle die Kerk wat die liggaam van Christus is. Hulle wil 'n nuwe wêreld vorm waarin die Kerk volmaak moet wees en beroep hulle op allerlei tekste wat uit die Godgegewe verband geruk is. Net soos hulle deur 'n oordrewe ywer aangejaag word om van God af te val en die eenheid van die ware Kerk te verbreek, so verag baie mense die Kerk ook. Want die Kerk is dan nie skitterblink in prag en mag en grootheid nie. Hulle verag die Kerk en dink dat God nie daar woon nie, omdat ons maar eenvoudige en onaansienlike mensies is wat nie ernstig opgeneem hoef te word nie.

Laat ons nou maar eerlik wees deur te erken dat daar 'n skyn van waarheid in is.

Daardie mense wil hê dat God so bewonder moet word dat almal voor Hom beef of dat geweldige skatte versamel word sodat kosbare offers gebring kan word o.a. in die vorm van reusagtige geboue of tempels. Barmhartigheid teenoor die naaste en veral teenoor die sg. 'historiese kerke' is egter nouliks te bespeur.

Die beste manier om op ons pasoppens te wees, is om versigtig te let op wat God beveel en om so op sy belofte te steun dat ons ons deur niks van ons gelowige werk laat aftrek nie. Ook al gebeur dit dat die vervulling van God se beloftes nie onmiddellik met ons smaak en verlangens ooreenstem nie. Dit is juis met opset dat God ons in spanning hou om so ons geloof te beproef en sterker te laat groei. As Hy dus in die kerklike lewe en in ons eie lewe nog nie sy belofte vervul het nie, ondanks dat Hy dit belooft het, laat ons dan tevrede wees dat ons weet dat Hy ons nooit sonder rede beproef nie solank ons gehoorsaam is aan God se geopenbaarde bevel nie. Die hoogste wysheid is om vertrouend, die Woord van God te gehoorsaam. Dan sal ons ook daaraan werk om die hoop lewend in ons lewens te laat wees, en dat ons geduldig God se tyd sal afwag vir die vervulling van sy beloftes.

DIE GEES MAAK STERK Haggai 2:4b-6

As daar in ons lewens iets is wat vinnig kom maar nog vinniger soos mis voor die son verdwyn, dan is dit nie geld nie maar entoesiasme. Dwarsdeur die kerkgeskiedenis sien ons dit skrikwekkend duidelik. Ons sien dit keer op keer tydens die woestynreis van die volk van God, dit val ons selfs só op dat ons van die ondankbaarheid van die volk praat - tog sou dit nogal ontnugterend wees as ons ons eie gesindheid en die van vandag se kerkvolk eerlik daarmee vergelyk. Natuurlik is dit nie alleen in die kerk die geval nie. In die hele lewe is daar maklik 'n entoesiasme as 'n nuwe saak aangepak word maar na verloop van tyd kwyn belangstelling en ywer by die meeste mense, en op die ou end moet die handjievouers ou bekendes alles maar weer doen, geteister, aangevuur deur die kritiek van suurpruime wat gerieflik op die kantlyn lê en kerm.

Iets daarvan sien ons ook in ons teksverse. Vol entoesiasme en moed is aan die werk gespring om die tempel te herbou, maar skaars drie weke se werk is gedoen of daar dreig 'n werkstaking. Die rede daarvoor was egter die listige onderduimse gekonkel van Satan met die beloftes van God. Die duiwel laat die bouers dink en aanvaar dat God nie hierdie ou pondokkie met die naam van 'tempel' wil hê nie, hulle moet liewers ophou werk. Die Satan het as sy tyd juis die Loofhuttefees gekies. Nou was die hele volk bymekaar vir somer agt dae lank en kon tydens die feesvierings en die gekuier na mekaar se welstand uitgevra word en die afgelope oeste bespreek word. In die lig van wat die profeet reeds gesê het, was die stemming sekerlik nie so feestelik soos wat by die Loofhuttefees nodig was nie.

Die oeste was nou al jarelank treurig en die offers wat tydens hierdie blyste van alle

feeste gebring moes word het die armoede nog sterker laat voel. Die HERE het beveel dat oor die sewe dae van die fees 7 bokke as sondoffers gebring moes word en 70 beeste, 14 ramme en 98 (7x 7 x 2) skape as brandoffers. Groot getalle waarby die gewone daaglikse offers ook nog gebring moes word. Opvallend is die getal 7 wat as verbondsgetal gewys het op die trou van die Verbondsgod.

Die Loofhuttefees was die fees wat die HERE ingestel het op daardie blye dag toe die volk die bevryding uit die slawerny van Egipte by die Horeb kon vier. Dit was dus 'n vryheidsfees en 'n oesfees. Die HERE wat sy volk uit Egipte verlos het, is nog altyd Dieselfde God van mag en Hy bly trou aan sy Woord. Die fees laat die mense terugdink aan die groot dae van die HERE maar die verlede kan nooit losgemaak word van die hede nie. Vandag kan God nog help en red net soos eeue gelede. Die treurende volk moet dit hoor maar ons moet dit vandag ook weet en glo.

Die profeet laat die volk hoor dat die HERE sê dat hulle almal sonder uitsondering moet werk en by die herhaalde opdrag kom weer die herhaalde belofte: “Ek is by julle” sê die HERE van die leërskaare! Die Almagtige Heerser is aan hulle kant. Meer nog: Hy is begerig en bereid om in daardie nederige herboude tempel te woon. Hy sal nie alleen daarin woon nie, maar daarin ook sy heerlikheid sigbaar laat word.

Wanneer God sê dat Hy by ons is, dan weet ons dat ons vir niks in die wêreld bang hoef te wees nie en ook vir niks uit die onderwêreld van Satan nie. Die heerlike belofte van “Ek is by julle” is die grondreël van die verbond van genade, wat God gewys het in die tekens van die tabernakel en die tempel. Later kon ons dit sien in die stuur van sy liewe Seun met die Naam Immanuel wat beteken “God met ons”. Vir die volk en ons vandag is dit ook te sien in die leiding van die HERE Here met sy volk. Juis daarom moes Haggai ook op hierdie feesdag profeteer. Daar is feesgevier oor die werklike feit van die leiding van en deur die HERE met sy volk in die uittog uit Egipte en die deurtog deur die woestyn en die intog in die beloofde land. “Ek is by julle” - elke Judeër kon dit beaam oor die verlede, maar dit moet ook blye werklikheid wees in die lewe in die Kerk-van-vandag!

Al het daar in die tyd van Haggai al bykans duisend jaar verloop vanaf die sluiting van die verbond, al het die geslagte gekom en gegaan, die verbond wat die HERE gesluit het het onveranderd gebly. Elke generasie het die Aäronitiese seën gehoor en ontvang (Num. 6:22), die seën wat nou weer twee keer daaglik in hierdie herboude tempel uitgespreek sou word. Die seën wat die gelowige volk sou verseker van God se genade, seën, beskerming en vrede. Sy Gees sou altyd by hulle bly, die Gees wat die HERE op Moses uitgestort het (Num 11:17), op sy sewentig helpers (Num 11:25), op Josua (Num 27:18), op Saul (1 Sam.10:6,10), op Dawid (1 Sam.16:13)! Letterlik staan daar dat die Gees onbeweeglik in hulle midde sal staan. Dit laat ons ons rykdom nog sterker besef, want in die Nuwe Testamentiese tyd woon die Gees in die harte van die gelowiges!

Deur sy Gees het die HERE in die harte van die leiers van die Kerkvolk gewerk en hulle gelei om die Kerk te lei. Net so sal die Gees ook nou werk en die nodige insig, krag en volharding en besieling vir die tempelbou gee. So is dit dus in die eerste en laaste instansie die Gees wat alles tot stand laat kom (vgl. Sag.4:6).

Ons leer hieruit vir ons bepaalde omstandighede dat die bevel wat die HERE ons gee, deur ons gehoorsaam en gedoen kan word omdat Hy ons deur sy Gees die nodige krag gee. Ons kan sterk wees juis en alleen omdat Hy ons sterk maak. Daarom is dit tot vandag toe sonde om oormoedig of moedeloos te wees., omdat die oorwinning alleen van God kom. Hy sal ons lei as ons ons deur Hom laat lei.

Die HERE het sy verbondsbelofte gegee en dit bly van krag dwarsdeur alle eeue heen: “Die HEER wat van geen wankel weet nie, sal nimmer sy verbond vergeet nie; al sy beloftes bly van krag tot in die duisendste geslag. Verbond met Abraham, sy vriend, bevestig Hy van kind tot kind”. Wanneer die profeet dus op die ou verbond wys, bring hy die volk terug na die bron self. Want die beloftes wat gedurig weer kom is soos riviere wat uit die oorspronklike bron van die genadeverbond uitvloei (Calvyn). Die volk moet met gelowige oë na die verbond kyk en sal dan beseft dat God hulle in vrede terugbring het om sy Kerk te herstel. Want daar is vir die volk eintlik maar net een keuse: of die verbond is net leë woorde en God dus onbetroubaar, of die werk moet blymoedig aangepak word, bly en moedig!

Die HERE gee nog ’n rede waarom volmoed met die herbou verder gegaan kan word. Hyself sal ook sorg vir die uiterlike heerlikheid van sy huis. Hy sal dit doen op ’n ongekende manier en die wêreld se volke daarvoor inspan. Hemel, aarde, see en land sal Hy laat bewys sodat die wêreldvolke so in opskudding gebring sal word dat hulle allerlei kosbaarhede in die tempel sal bring.

Voordat ons stilstaan by die vrae wat hierdie profesie oproep, moet ons eers kyk na die betekenis van hierdie magtige optrede van die Almagtige. Wat die hoofsaak betref: die profeet wou die gelowiges bemoedig dat hulle nie moes dink dat God nie meer die mag sou hê nie omdat Hy nog nie vervul het wat hulle verwag het nie. Hulle moet juis nie in die lig van dit wat nou gesien word die beloftes beoordeel nie. Die vromes moet liever dink aan die herstel van die Kerk as om verslae te wees oor die eenvoud van die tempel. Ons lees op verskillende plekke in die Skrif dat wanneer die HERE ten gunste van sy volk ingryp, dan beef aarde en hemel (Rigt. 5:4, 2 Sam.22:8). Die openbaring van die HERE op die Sinaiberg was ook vergesel van hierdie tekens (Eks.19, Ps. 68 vgl. Ps. 46,48 e.a. Sionspsalms). Hierdie verskynsels in die kosmos word dikwels gekoppel aan die stryd van die HERE en het gewoonlik ’n militêr-politieke agtergrond (Jes.13:13; 24:18; Es. 38:19; Joël 4:15). Ons moet hier dus dink aan die ingrype deur God met werklike militêre gebeurtenisse en kosmiese verskynsels. Dit alles sal die volke hulle skatte na die tempel laat stuur. Hoe armoedig die begin ook al mag lyk, die skatte sal

die heerlikheid van die tempel groot maak.

Nou kom die vraag, wat nie alleen deur Skrifkritici gestel word nie maar tog ook ons vraag mag wees, was Haggai reg? Natuurlik is die vraag op sigself al onmiddellik verkeerd gestel. Dit is tog nie Haggai wat uit homself praat nie, dit is die deur God geroepe profeet wat die Woord van God bring. Nou sal ons nie eers daaraan dink om te vra of God wel reg was? Ons sal eerder probeer nagaan of ons kan sien of hierdie profesie al in vervulling gegaan het of nog nie? In hierdie betrokke geval is dit nie makliker as in ander gevalle nie behalwe dat die tempel nie meer bestaan nie en die profesie dus reeds vervul moet wees. In alle profesie kan ons alleen sekerheid ontvang as feite oor die vervulling duidelik uit die Skrif self blyk. In vs. 8 word oor die skatte van die wêreldvolke verder gehandel, daarom kan ons ons nou eers bepaal by die volke wat wakker geskud word. Uit veral die geskiedenis weet ons dat in die vyf eeue wat die koms van Christus voorafgegaan het, daar 'n geweldige onrus in die wêreld was. Dit was 'n tyd wat gekenmerk is deur oorloë en rewolusies. In die jaar 501 v.Chr. het die Ioniese Grieke in opstand gekom teen koning Darius wat die begin van die einde van die Persiese ryk was. Alexander die Grote het die Perse in 331 finaal oorwin. Na sy dood en die agteruitgang van Griekeland het Rome op die ou end die onbetwisbare wêreldheerser geword. Al hierdie gebeurtenisse het die volke laat beef en so is die doel van God gedien. Dit was alles bedoel om die 'voleinding van die tyd' te laat kom. Die pad is daardeur reg gemaak vir die koms van die Messias en sy koninkryk, dit sou in Jerusalem begin en oor die hele aarde versprei.

Die asemberowende oorwinnings deur een van die grootste krygsmanne van alle tye het van Alexander, as 'n instrument in God se hand, die wegbereider vir die christelike sending gemaak. Deur hom het die Griekse kultuur en taal oor die hele bekende wêreld burgerreg verkry. Boonop het die veelgeprese Griekse wysbegeerte die geweldige sielenood gewys wat daar in die wêreld bestaan het. Die beroemdste wysgere en geleerdes kon nie werklike antwoorde op die groot lewensraaisels gee nie. Oor die hele wêreld moes Alexander vir sy onophoudelike oorloë 'n baie goeie paaiestelsel opbou waardeur die leër vinnig êrens kon kom maar die christelike geloof kon op hierdie manier ook baie maklik versprei word. Verder het die Romeinse Ryk met die strewe na 'n wêreldwye vredesryk die nodige geleentheid gebied vir Paulus se sendingsreise.

So sien ons ook in die geskiedenis van die wêreld dat God alles in sy hande vas het. Sou dit vandag enigsins anders wees?

IS 'N VERTALINGS-VERSKIL 'N VERTALINGS-PROBLEEM ? Haggai 2:6-9

Die Here ons God laat ons in 'n besondere tyd leef. In hierdie eeu het daar in baie

opsigte meer dinge verander as in al die voorafgaande eeue van die menslike geskiedenis. Natuurlik is dit geweldig verwarrend en verstommend. Een van die gevolge lyk asof die verlede nou as die 'goeie ou tyd' 'n stralekransie kry en grootliks veridealiseer word. Maar hierdie houding is al so oud soos die mensheid self. Die regte perspektief op die verlede word ongelooflik gou verloor, die swaarkry en ellende word vergeet en net die optimisties ingekleurde sg. 'goeie' van die verlede word onthou en opgehemel. Ons sien dit baie kere ook in die Bybel want die Woord van God vertel ons die waarheid, ook oor die sondige optrede van mense. Lees alleen maar die reaksie van die volk van God, die volk Israel toe hulle 'n bietjie swaargekry het in die woestyn. Hulle was skaars uit die afgryslieke slawerny van Egipte verlos en dus ook van die moord op hulle seuntjies, hulle eie kinders, maar toe die lewe nie een groot vakansie meer lyk nie toe kom die opstand! Toe word Moses en in hom God met verwyte oorlaai en terugverlang na die 'vleispotte van Egipte', ja, vleispotte maar ondertussen is hulle eie vleis met sambokke uitmekaargeskeur en die vleis van hulle verbondskinders vir die Nyl se roofvisse gevoer. Presies dieselfde verwronge idees oor ons eie geskiedenis hoor ons in ons eie tyd. Die verlede word verheerlik, maar die afgryslieke ellendes van ons geskiedenis word gerieflik verbloem en onbeskaamd verdraai om 'n populêre mening te probeer handhaaf of ingang te laat kry. As u die geskiedenis lees, dan kan u ons God moontlik nie genoeg dank vir sy goedheid dat Hy u in hierdie tyd laat leef nie.

Natuurlik neem dit in geen opsig iets daarvan weg dat ons in 'n baie spannende en heerlik uitdagende tyd mag leef en werk nie. Dit is wonderlik dat ons groot take van die Here ontvang in 'n tyd waarin so baie mense geen lig en geen lewenstaak meer sien nie. Een van die gevolge van die moedeloosheid van miljoene is dat gelowiges wêreldwyd nou met ander oë na die Skrif kyk. Ongelukkig met hulle eie slim Westerse oë. Hulle wil nou uitwerk wat God se plan verder met die wêreld is. Die oplossing vir daardie vraag soek hulle dan in die Skrif en veral in die profesieë. Ongelukkig maak hulle met die beste gelowige bedoelings van die Bybel nou 'n blokkiesraaiselboek. Die skêr van die menslike sondige verstand word nou gebruik om uit allerlei profesieë daardie stukkies uit te knip wat mooi in hulle gedagtegang pas. Dan word alles mooi in 'n volgorde - volgens - eie - smaak aan mekaar geplak en siedaar: Die plan van God met die wêreld!

Kompleet met datums en plekke vir die volgende wêreldoorloë en die ondergang van hierdie sondige wêreld!

Dit is eintlik verstommend hoe gelowige mense dit kan aanvaar. Tog is dit geen wonder nie as gekyk word na dit wat so lank al in so baie kerke toegelaat is om as Woordverkondiging uitgebasuin te word. Die groot gevaar vir die Kerk oor die wêreld is dat op die klank van die los en uitverband gerukte Bybeltekste die Woord sogenaamd verkondig is.

Ons mag die Skrif nooit anders nie as in die verband van die hele Skrif verklaar en

toepas nie. Dit is ook werk, harde werk. In ons teksgedeelte het ons nou 'n probleempie. Ons verstaan nie mooi en presies wat die profeet bedoel met 'só sê die Here die Almagtige: nog een keer, binnekort, sal Ek hemel en aarde, see en land laat bewe..'. maar nou het die skrywer van die brief aan die Hebreërs (12:26) hierdie woorde aangehaal. Daaruit blyk dit dat die profeet op die optrede van die HERE by Sinai wys en dat die bewe van die hemel ook vir ons nog in die toekoms lê, naamlik op die Dag van die Wederkoms. Maar tog kan Haggai se woorde breër gesien word, sodat dit ook die terugkeer uit die ballingskap en alle beroering wat daarmee gepaard gaan kan insluit. Boonop sluit dit ook die wêreldgebeure van die volgende vyf eeue in, tot en met die koms van die Messias. Ons hoef dus nie profetiese uitsprake streng te beperk tot 'n bepaalde tyd nie, mits dit uit die Godgegewe verband genoeg rede gee.

Omdat die Ou Testament in Hebreeus geskryf is, is dit logies dat daar soms 'n vertaalprobleempie opduik wat ons 'n keuse vir vertaling laat. Gelukkig is dit nooit iets wat enigsins iets aan ons saligheid kan doen nie, maar dit is soms baie interessant. Hier het ons so 'n enkele geval. In ons Afrikaanse vertalings lees ons dat die skatte van al die nasies na die tempel gebring sal word. Die vraag is egter of die woord wat in Hebreeus gebruik word reg vertaal is met die woord 'skatte'. Hierdie woord beteken letterlik die 'wens' of 'begeerte' van alle nasies. In die ou vertalings is die woord 'wens' dan met 'n hoofletter geskryf om na Christus te wys, dit is egter nie korrek nie omdat dit taalkundig nie moontlik is en ook nie in die verband pas nie. Maar daar is taalkundig genoeg vir te sê dat die woord 'wens' hier beteken die uitverkorenes uit al die nasies.

Laat ons nou eers kyk wat die twee moontlikhede dan aan die verklaring van die teks doen.

Wanneer ons die betekenis wat in ons Afrikaanse vertaling staan handhaaf, dan sal al die volke hulle skatte na die tempel bring deur die werk van die Gees. Skatte dan in die baie ruim betekenis van 'alles wat waardevol is' soos skatte aan rykdom én eerbewyse. Dit sluit mooi aan by die uitspraak van die HERE Dat al die silwer en goud aan Hom behoort. Ons sal ook in die volgende vers sien dat die tempels in daardie tyd ook diens gedoen het as 'n soort bank waar die geld en kosbaarhede veilig bewaar is. Uit die apokriewe 'Bybel'-boek Makkabeërs blyk dat die tempel in Jerusalem ook as deponeringsinstelling gebruik is.

Alle profesieë het egter ook 'n geestelike betekenis en daarvan kom hier nou nie so baie tereg nie. Juis in die ander vertaling kom dit baie sterk tot sy reg: 'en die uitverkorenes uit al die nasies sal kom'. Ons weet dat daar in die eeue na Haggai baie heidene was wat by die Ou Testamentiese Kerk aangesluit het as proseliete'. Die HERE het van ewigheid af mense uitverkies (Rom. 8:29; Kol. 3:12; 1 Tess. 1:4; 1 Pet. 1:2 en 5:13). Die teks vervolg tog met 'en Ek sal hierdie huis vul met heerlijkheid'. Die sinsbou lê sterk nadruk op die gevolg van die bekering van die heidene wat die heerlijkheid van die

HERE vergroot. Daar is onder die volk nou baie wat wanhoop oor die heerlijkheid van 'n tempel wat meer na 'n pondokkie lyk, maar die HERE sal sorg dat die heerlijkheid van die ou tempel van Salomo oorskadu sal word deur hierdie eenvoudige tempel.

In die Ou Testament was God se tempel gebou van kosbare maar dooie dinge soos klip en hout en goud. In die Nuwe Testamentiese tyd word die tempel gebou uit lewende stene, wat wonderlik saamgevoeg word deur die werk van die Heilige Gees om God se gemeente te vorm (vgl. Ef. 1:19-22; 1 Pet. 2:4-8). Onder die ou verbond was God se woonplek beperk tot een nasie, die volk Israel. In die nuwe verbond sluit dit in al die nasies en tale en kleure (vgl. Openb. 14:6; Matt. 28:19; Mark. 16:15; Hand. 1:8). In die Ou Testament het die volk wat God uitverkies het as sy kosbare skat (Eks. 19:5,6; Amos 3:2) en in wie se midde Hy wou woon (Eks. 25:8, 29:45) bestaan uit gelowiges en ongelowiges (Ps. 95:7-11; 1 Kor. 10:1-5.) die heerlijkheid van die Nuwe Testamentiese tempel of Kerk van God is dat dit 'n heilige Kerk is wie se lede gewas en geheilig en geregverdig is in die Naam van die Here, Jesus Christus en deur die werk van die Heilige Gees (1 Kor. 6:11) die Kerk is 'n gemeenskap van die heiliges. Natuurlik is daar ook huigelaars by, maar hulle is nie werklik deel van die Kerk nie.

Ander aspekte van die groter heerlijkheid is die vryheid wat die gelowiges van die nuwe bedeling ontvang het. Ons is nie meer gebind aan allerlei wette wat nog gewys het na die vervulling van die wet deur Christus (vgl. Kol. 2:16 e.v., Gal. 4:1 e.v.). Ons het 'n koninklike priesterdom geword en volwassenheid bereik (vgl. Eks. 28, Deut. 17:8-15, 1 Pet. 2:9, Heb. 7-10, Openb. 1:6, 5:10). Werklik 'n heerlike en stralende Kerk (Ef. 5:25-27, 1:11-20, 2:4-10) wat sy volle heerlijkheid sal ontvang in die wêreld wat besig is om te kom, om dan as Kerk van die Oorwinning heilig te wees sonder enige gebrek (Openb. 20 en 21).

Wanneer die HERE dus sê dat al die silwer en goud aan Hom as die Almagtige behoort, dan wil Hy daarmee sê dat dit nie aan gebrek te wyte is dat die tempel nou eers herbou word en dan nogal so eenvoudig nie. Die bedoeling van die HERE was ook dat die Jode nie deur verblindende prag en praal van die tempel sou vergeet om die koms van Christus verlangend te bly verwag. Ons moet hier dus die werklike én die geestelike betekenis van hierdie woorde handhaaf. Die volke sal hulle aardse skatte na die tempel bring om daar in veilige bewaring gehou te word, want die God van Israel het getoon dat Hy Almagtig is. Die eerste bewys van God se beskikking oor al die rykdomme sien ons al in die skatte wat deur die wêreldheersers gestuur is (Esra 1:2-11; 6:1-12). Die ander betekenis is al die geestelike skatte wat met die koms van Christus en sy voldoeningwerk vir die Kerk gegee is. Christus was natuurlik Self ook baie kere in die tempel met Sy Goddelike heerlijkheid, maar dit was tóé die deur Herodes herboorde tempel waardeur bittermin van die tempel van Serubbabel meer oorgebly het.

Die HERE die Almagtige belooft dat Hy vrede sal gee 'op hierdie plek'. God se vrede is

veral die vrede in hart en gewete wat vir ons deur die Vredevors (Jes. 9"6) bewerk is. Reeds vir die Ou Testamentiese gelowige is hierdie vrede gegee, hoe ryk o.a. in die Aäronitiese seën (Num. 6:24-26) wat deur die priester tydens die daaglikse môre- en aandoffer uitgespreek is.

Vrede waaroor Jesaja kon jubel, vrede gepaard met voorspoed (26:3), 'U regeer vir ons' (26:12). En hoe het Jesaja ook oor die Messias geprofeteer: 'die straf wat vir ons vrede moes bring was op Hom, deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom' (53:5). So 'n standvastige vrede dat Jesaja skryf 'Berge kan padgee, heuwels kan wankel, maar My liefde vir jou sal nooit verdwyn nie, my vredeverbond met jou sal nooit wankel nie, sê die HERE, wat jou liefhet.... Al jou inwoners sal leerlinge van die HERE wees, en hulle sal altyd vrede geniet' (54;10,13). Die profeet Miga profeteer ook oor Hom wat in Betlehem-Efrata gebore sal word as Die Een wat vrede sal bring (5:4).

Hierdie vrede het Christus vir ons bewerk en verdien as vrug vir sy lyde en bittere dood. Self het Hy gesê: "vrede laat Ek vir julle na; my vrede gee Ek vir julle. Die vrede wat Ek vir julle gee, is nie die soort wat die wêreld gee nie" (Joh. 14:27). Hy wat gesê het dat ons in Hom vrede kan vind (Joh. 17:33), Hy wat as Opgestane Verlosser elke keer gegroet het met 'Vrede vir julle!'.

Paulus jubel ook daarvoor; 'God het ons dan nou vrygespreek omdat ons glo. Daarom is daar nou vrede tussen ons en God deur ons Here Jesus Christus. Deur Hom het ons in die geloof ook die vrye toegang verkry tot hierdie genade waarin ons nou vasstaan. En ons verheug ons ook in die hoop op die heerlikheid wat God vir ons bestem het' (Rom. 5:1,2). Vir die Efesiërs skryf hy: 'Christus is ons vrede...Hy het Jode en nie-Jode een maak. Deur sy liggaam te gee het Hy die vyandskap afgebreek wat vroeër soos 'n muur skeiding maak het...deur vrede te maak, het Hy in Homself die twee, Jode en nie-Jode, tot een nuwe mensheid verenig. Deur sy dood aan die kruis het Hy 'n einde maak aan die vyandskap en die twee met God versoen en tot een liggaam verenig. Toe Hy gekom het, het Hy die goeie boodskap van vrede gebring: vrede vir julle wat ver van God was, vrede ook vir die wat naby was. Deur Hom het ons almal, Jode en nie-Jode, deur die Gees vrye toegang tot die Vader (Ef. 2:13-18).'

Die Almagtige en getroue Verbondsgod het al deur Haggai daardie heerlike vrede verkondig en gewaarborg. Die hoorders het toe nog verlangend vorentoe gekyk, maar ons mag dankbaar terugkyk na die leë kruis - alles IS volbring, God het sy Woord gehou. Hierdie Vredevors het vir ons al gekom om die waaragtige vrede vir ons te verdien op Golgota. 'n Vrede wat alle verstand te bowe gaan (Fil. 4:7).

Die HERE het gesê dat Hy ' nog eenkeer, binnekort' alles sal laat bewe. Dit wys ook vorentoe na die Dag waarop die Christus weer sal kom. Dan kom die waaragtige volmaakte vrederyk. Ook in hierdie ou en onbekende profesieë vind ons troos want ons mag sien en weet dat die hele geskiedenis gaan oor die vooruitgang van Christus met sy

Kerk.

GOD BELOOF SY SEËN OP GELOOFSTROU HAGGAI 2 : 10 - 23

Na die laaste profesie wat Haggai in opdrag van die HERE gegee het met die heerlikste beloftes en bemoedigings lyk dit asof dit die volk en kerklike ampsdraers hoogstens net loutwarm gemaak het en gou-gou weer yskoud laat word het. Die HERE het dit selfs nodig gevind om skaars 'n maand daarna weer 'n baie ernstige vermaning te laat hoor, nou deur die profeet Sagaria 1 : 2-6. 'n Ernstige oproep teen ongeloof en hardnekkige weiering om die wil van die HERE te gehoorsaam, 'n vlymskerp oproep tot bekering. 'n Groot deel van Sagaria se profesieë het ook oor die herstel van die tempel gegaan want dit was lewensbelangrik omdat dit die enigste plek in die ou bedeling was waar versoening vir die sondes gedoen kon word. Daar wou God woon - by - die - mense, daar was die tekens en simbole van die troue Verbondsgod. God wou die teken weer herbou sien én beloop dat Hy by Sy volk sou wees.

Volk en leiers was egter so vasgevang in depressiwiteit en doemdenke dat selfs God se heerlike beloftes geen entoesiasme en werklus meer kan laat opvlam nie. Daarom stuur die HERE Sy profeet nou met 'n paar vrae na die priesters wat deur God aangestel is om die Goddelike wet uit te lê en dus geestelike gesag het Deut 17:22, 33:10, Mal 2:7.

Saam met Calvin wil ek nou ook 'n bietjie afwyk met 'n kantaantekening. Calvin sê dat die profeet opdrag kry om die priesters te vra vir inligting uit die wet want die priesters kan nie maar net enigeiets sê soos hulle lus is of soos dit hulle pas nie. 'Ons weet dat hulle tot so'n willekeur gekom het dat hulle soos diktators bevele gegee het wat nooit deur God in die Wet voorgeskryf was nie en dat hulle selfs die volk verhinder het om te doen wat deur God toegelaat was. Haggai gee die priesters hier nie so baie vryheid dat hy vir hulle vra wat hulle mening is nie maar wat sê die Wet van die HERE. ' En sê Calvin dan - daardie Calvin wat deur die vyande van die Calvinisme as 'n magsbehepte wrede diktator beskryf word - "n tirannieke heerskappy oor die gewete is 'n verderflike kwaad. En tog het die duiwel altyd die diens van God en die hele leer van die godsdiens vervals onder die voorwendsel dat hy die outoriteit van die Kerk geweldig verhef het. Dit is so dat die priesteramp eervol en eerbiedwaardig was maar ons moet altyd goed oppas dat dit wat mense hulleself aanmatig of wat onnadenkend toegestaan word, nie sal afwyk van dit wat God self wil hê nie.' .. ' In kort : die aard van die gesag in die Kerk moet ons beoordeel volgens die reël dat die Wet van God sy ereplek behou en dat mense niks uit hulleself versin nie, maar slegs aan die hand van die Woord van die Here vasstel wat reg is.'

Is dit vir ons vandag nou nog belangrik? In die verlede was dit natuurlik wel want van die kerke in ons land het oor alles onder die son hulle mening gelug en die regering so gestuur dat hulle mening dikwels afgeforseer was. Vandag het die kerke nie meer daardie mag nie. Maar tog is daar kerklike groeperings wat nog oor allerlei sake 'n eier te lê het - al is dit dikwels vrot en buitekant

die nes - maar dit is en was nog nooit die taak van die Kerk om so op te tree nie. In ons eie kerkverband is daar ook altyd stemme wat daarna verlang en met die leë argument kom dat die Kerk meer sigbaar en hoorbaar in die maatskappy moet wees. Hulle verwar die roeping van die Kerk met hulle eie roeping as priesters, profete en konings in die heerlik uitdagende breë lewe. Die Kerk het geen politieke of sosiale of maatskaplike roeping nie. Dit is 'n roeping wat die lidmate van die Kerk, elke gelowige, het. Die roeping van die Kerk is om die Woord onvervals suiwer uit te dra en so die gelowige te slyp vir sy en haar roepingsvervulling. As die gelowiges dan 'n aksie loods om byvoorbeeld Vigswesies te help dan kan die Diakonie hulle geldelik en biddend daarmee ondersteun.

Opvallend dat die priesters in ons teks gedwing word om antwoorde te gee want hulle is netsoos die sogenaamde 'gewone volk' aangesteek deur die gees van slapheid en 'laat Gods water maar oor Gods akker loop'. Waarskynlik was hulle nog sterker as die volk deur egoïsme besoedel, die volk waarteen die HERE reeds gesê het 'My huis lê in puin terwyl elkeen van julle hard besig is om aan sy eie pragtige huise te werk 1:2,9. Die priesters het blykbaar vrede gemaak met die bestaande situasie en was tevrede met die feit dat daar in elk geval 'n altaar was waarna die volk hulle offers moes bring sodat die priesters hulle deel van die offergawes kon kry - al was die offergawes maar skamel weens die ekonomiese krisis en die gedurige misoeste was dit darem nog beter as om moeite te doen vir die res van die tempeldiens wat maar min geld in die sak gebring het.

Die HERE stuur Haggai nou na hierdie priesters wat goed oplet op die tyd wat offers gebring moet word en op die vasgestelde tarief om nou 'n ander deel van hulle roeping uit te leef: die uitlê van die heilige Wet.

Die HERE se vraag is of 'n aan die HERE gewyde dus 'n heilige stuk vleis wat in 'n sak van die klere gedra word en wat nou enige ander kos aanraak dit daardeur die ander kos ook heilig maak? Die priesters antwoord onmiddellik met 'n uitdruklike; 'Nee!'. Alhoewel dit vir my baie interessant is om by verklaarders bladsye en bladsye se kommentaar op die reg of verkeerd van hierdie antwoord te lees is dit werklik nie van belang nie. Die belangrike is die verklaring wat die HERE deur Haggai gee nadat ook die tweede vraag beantwoord is. 'n Kledingstuk met 'heilige' vleis kan nie 'gewone' kos heilig maak nie. En iets wat onrein is verontreinig die eetgoed wat rein is en nou weggegooi moet word. Wat beteken dit nou vir hulle en ons?

In kort: 'n onheilige lewe verontreinig die heilige offers - die HERE verwerp routienegodsdienste. Dis wonderlik mooi en goed as 'n nuwe tempel gebou word maar dit is net 'n gebou vir die liturgie, die godsdienstebeoefening en dit het geen waarde as daar nie die innerlike begeerte is om die HERE met hart- en- siel te dien en te eer nie. 'n Nuwe tempel maak 'n slordige lewenswandel en onheilige offerdiens nie reg nie. In so'n geval bly die tempel net 'n massiewe koue groue klomp klippe.

Die HERE sê nou deur Sy profeet dat priesters en volk netso onrein is soos die voorbeelde in die vraag. Opvallend dat die woord wat vir 'hierdie volk' in die Hebreeus gebruik word gewoonlik net gebruik word vir die heidene en ander vreemdelinge wat buitekant die verbond gestaan het want

die kerkvolk het 'n heidense gebrek aan geloof en gehoorsaamheid en liefde vir God gewys. Alles wat so'n volk doen is onrein want dit kom uit 'n onbesnede onreine hart uit. Geen offer onder die son kan derglike mense aanvaarbaar maak vir God nie want daardie offers is onrein omdat dit gebring word deur mense wat prontuit weier om God met hart en siel te dien.

Alleen wanneer 'n offer gebring word deur iemand wie se hart deur God gereinig is deur die geloof dan gaan daardie reinheid deurwerk na die werk wat ons doen, dan word dit geheiligde werk. Ons sien dit al by die allereerste offer wat in die Heilige Skrif beskryf word, die offer van Abel wat deur God aangeneem is omdat Abel die HERE met 'n suiwer en opregte hart gedien het. Paulus sê dieselfde in 1Tim 1:5 'die doel van die wet is om liefde te wek wat uit 'n rein hart, 'n goeie gewete en 'n opregte geloof kom.'

God reinig ons deur die geloof deurdat Hy ons na Sy beeld verander en ons laat streef na gehoorsaamheid. Daaruit vloei dan voort dat ons onself as 'n offer aan God wil aanbied as mense wat wedergebore is deur die Gees van Christus. Christus wat volkome vir al ons sondes betaal het sodat die onvolmaaktheid wat selfs aan ons beste werke kleef nie deur God in berekening gebring word nie en so nie ons geloofswerke vernietig nie. Dit is alles van begin tot end net en alleen genade. Uit genade ontvang ons die innerlike reinheid en daarom kan ons goeie werke doen of dit nou die bou van die tempel is of die gee van 'n toebroodjie aan 'n bedelaar. Alles moet op die regte manier gedoen word en dit is met 'n gelowige opregte gesindheid tot eer van God en tot seën van die naaste.

Die hoorders word opgewek om hulle oë oop te maak vir, nee nie allerlei verhewe hemelse sake nie maar vir dit wat die laaste jare met hulle gebeur het. Watter ellendes het hulle tog beleef van die tyd af dat die tempelbou vyftien jaar gelede gelos is. Dit was misoes op misoes en die oesskatting het hulle keer op keer bedroë met 'n mond vol tande laat staan want die koring se kwaliteit was so swak dat 'n hoop koring skaars die helfte met die dorswerk opgelewer het as wat geskat was en met die druiweoes was dit nog slegter gesteld. Uiterlik het die druiwe goed genoeg gelyk maar as hulle gepars is was daar net veertig persent van die geskatte hoeveelheid se sap. Die Jode was modern genoeg om die rede te gaan soek by natuur-verskynsels soos vandag se El Ninja, in hulle dae koringsiektes en hael of droogte. Maar die HERE sê dat die oorsaak Sy werk was, Hy het in pleks van Sy seën daarop te laat rus dit met Sy vloek geslaan. Maar 'noggans het niemand hom tot My bekeer nie, sê die HERE.'

Die volk moet pleks van kerm en kla oor die gebrek aan saad in die skure en die verskrompelde wingerde en die vyeboom, olyfboom en granaatboom wat eenvoudig nie wil dra nie met geloofsoë daarna kyk en dit erken as die vloek van die HERE wat op dit alles rus. Ja, hier is dit ook al weer soos Paulus later sal skryf dat die natuur ook sug en ly onder die sonde van die mens. Niks kan groei en blom sonder die seën van die HERE nie.

Maar die oplossing vir die sonde lê nie net in die aanpak van die tempelherbou nie. Goeie werke kan geen sondevergifnis oplewer nie. Bekering is nodig en dan sal die werke ook geheilig wees. Petrus stel dit so 1 Petr 2 : 5 : Laat julle as lewende stene opbou tot 'n geestelike huis, om 'n

heilige priesterskap te wees en geestelike offers te bring wat deur Jesus Christus vir God welgevallig is. Juda en ons moet uit God se oordele leer - God eis volkome diens en dan belooft Hy Sy seën !

Die absoluut wonderlike is dat die so gesmade en verwaarloosde HERE Here nou sommer so weer met 'n heerlike belofte kom. Sonder die seën van die HERE is daar geen toekoms vir mens, dier en plant nie en nou het die HERE Sy volk opgeroep om met geloofsoë na die verlede, na die feite van leë skure en mae en misoeste te kyk. Dit is wat die ongeloof en geloofs-traagheid opgelewer het maar, sê die HERE, van nou af sal dit radikaal verander, sal Ek dit radikaal verander. My seën sal op mens, dier en plant rus. Ons God is die enigste God vol van genade en barmhartigheid. Dit is inderdaad soos Miga sê 7:18 wie is 'n God soos onse God ?

Tot vandag toe is dit so. Vandag waarin so 'n groot deel van die mense wat deel is van die sogenaamde christelike beskawing hulle oorgee aan allerlei heidense bygeloof. Dit is natuurlik iets wat ons baie maklik ook aansteek. Selfs die plegtige lê van die eerste steen van 'n nuwe gebou of selfs die sooispitseremonie is in wese iets wat uit die heidendom afstam. In Israel het dit glad nie plaasgevind nie want dit was 'n Babiloniese ritueel waar die koning die 'steen van die lotsbeslissing' gevorm en as eerste steen gelê het . Hierdie steen het dan magiese of toorkrag gehad wat moes verseker dat die bouwerk voorspoedig sou wees dieselfde het gegeld vir die oorkondes wat in die fondasie ingemessel was. By die Roomse kerk vind ons dit terug in die gebruik om soms relikwieë van sogenaamde 'heiliges' in die fondasie van 'n kerkgebou te messel. Dit is vir ons as Protestante ongelooflik hoe by Rome tot vandag toe mense 'heilig' verklaar word. Dan kan onder andere tot hulle gebid word vir die bepaalde node waarin hulle op aarde gespesialiseer het. Die vorige Pous het die aanslag op sy lewe in 1981 oorleef en sy bewaring aan die ingryping van Maria toegeskryf, hy het dan ook 'n spesiale dankbedevaart na, as ek dit reg het, Lourdes gehou om Maria te dank en te eer vir haar intrede by God. In Lourdes het Maria volgens bewering aan mense verskyn en wonders gedoen daarom is dit 'n bedevaartsplek vir haar. As die betrokke RK gemeente so gelukkig is om 'n stukkie been of hare of wat ook al van 'n 'heilige' te besit dan word daardie relikwie as absoluut heilig beskou en versterk dit die gebed tot daardie heilige. Daar word hard gewerk aan die heiligverklaring van Moeder Theresa wat wonderlike werk in die Verre Ooste gedoen het onder die 'armstes van die armes' -en nou kan ek nie anders as om te wonder waar sy begrawe is en wat van daardie graf word. 'n Onsmaaklike toestand want 'n vinger van 'n priester wat rondom 1948 as martelaar in Tsjeggo Slowakye gesterf het, is in 'n met goud vergulde glashouer geplaas as 'n amptelike 'heilige' relikwie wat aanbid kan word.

Ons kan moeilik dankbaar genoeg wees dat niks van al hierdie beelddiens in die Protestantisme gevind word nie.... of oordryf ek ?? Is die moderne neiging nie ook al dat allerlei mooi sigbare simboliek in die koue armoedig-kale Calvinistiese kerkgeboue moet inkom nie? Lê baie van die aandrang om 'geestelike liedjies ' in te voer nie ook maar op dieselfde vlak nie? Die simboliek en prag en praal van o.a. die Roomse Mis spreek my eie gevoel baie sterk aan, ek hou daarvan, netsoos die liturgie in die Anglikaanse en die Lutherse Kerk ... maar dit maak dit nog nie reg

omdat dit my spesifieke gevoel aanspreek nie.

Ons ken geen heiligverklaring en heiligesverering nie omdat selfs die allerheiligste mens nog maar 'n klein beginsel van die heiligheid het (Heid. Kat. vr. & antw. 114) . Ons is deur die werk van ons Saligmaker Jesus Christus skatryk omdat Hy die volmaakte soenoffer gebring het en so die regstreekse pad na die hemelse Vader wawyd oopgemaak het vir Sy verlose broeders en susters. Ons het genoeg aan die Christus en het nie eers die allerheiligste lewende of ontslape mens met inbegrip van die begena-digde Maria, die moeder van ons en haar Here, nodig om vir ons voorspraak by die Vader te doen nie. As ons aanvaar dat al hierdie 'heiliges' in die hemelse heerlijkheid leef watter vermindering van die heerlijkheid sou dit dan wees as hulle gedurig lastig geval sou kan word deur mense wat hulle sleutels of pad of hart verloor het - want vir elke klein menslike probleempie is daar by Rome 'n 'heilige' of 'beskermheilige'. 'n Eenvoudige kale Calvinistiese erediens ? 'n Warm ryk erediens waarin die lewende Woord van die lewende Allerheiligste God en Vader deur ons Here Jesus Christus verkondig word vir elkeen wat daarheen gelei is deur God die Heilige Gees.

Die HERE beloof seën en hoe kan dit anders kom as deur die Messias? In die tweede Godspraak wat Haggai daardie selfde dag ontvang hoor ons die belofte van die koms van die Messias langs die lyn van die afstammeling van koning Dawid naamlik Serubbabel die goewerneur van die piepklein verarmde Juda wie se naam later in altwee geslagsregisters van ons Here Jesus Christus genoem word. Die HERE sal Serubbabel Sy seëlring maak. Die HERE sal hemel en aarde laat beef en die magtiges van die aarde vernietig, in die natuur en in die magspolities van die wêreld sal daar geweldige onstuimigheid wees maar dit dien om die pad na die koms van die Messiaanse Ryk oop te hou, die koms van Christus en later die weder-koms.

Serubbabel ontvang heerlike beloftes en in hom die kerkvolk en die Kerk. Die afstammeling van Dawid mag hoor dat hy die 'kneg' is wat uitverkies is. Die huis van Dawid kry weer 'n toekoms midde in die groot sigbare en voelbare ellende van daardie tyd. Die harde werklikheid is beroerd maar die genadige God gee heerlike Messiaanse perspektief. Serubbabel word God se seëlring as waarborg vir die verslane volk dat God se beloftes aan Dawid werklikheid sal word. 'n Seëlring was uiters belangrik want dit het die draer daarvan verseker van die innige band met die Gewer en sy hoë posisie aangedui dit was gebruik om iets as wetlik en amptelik te bekragtig. Serubbabel word dus in 'n baie besonderse verhouding met God geplaas. Hierdie onbelangrike afstammeling van die wêreldbekende koning Dawid wat nou maar net 'n staatsamptenaar is in 'n piepklein verarmde staatjie onder vreemde oorheersing was ge-eer deur die Almagtige Regeerder van hemel en aarde en Sy Kerk om sy plek te neem in die vaders-na-die-vlees van Koning Jesus Christus, sy en ons Verlosser.

Ondanks alle opposisie, ondanks alle katastrofale politieke veranderings bly God se beloftes aan Dawid gewaarborg, die Prins van Vrede sal kom en Sy Koninkryk is 'n ewige Koninkryk.

Vir Serubbabel en die kerkvolk van sy tyd is daar Messiaanse perspektief gegee. Vir ons as Kerkvolk van vandag ook.

In daardie tyd was daar geweldige beroerings in die volkewêreld, in ons tyd is dit nog geen haar beter nie.

Die skrywer van die brief aan die Hebreërs 12:26 haal Haggai 2: 6 aan : 'nog eenmaal sal Ek nie alleen die aarde laat bewe nie, maar ook die hemel..... sodat die onwankelbare dinge kan bly. Laat ons wat 'n onwankelbare koninkryk ontvang het, dan nou dankbaar wees. Laat ons God dankbaar dien met eerbied en ontsag, soos Hy dit wil.'

Laat ons dan nou getrou wees in die werk wat aan ons toevertrou is.